

LESINGGREEKS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

No. 3

NEDERLANDSE INVLOED OP DIE
AFRIKAANSE WOORDESKAT

INTREELESING

gehou voor die Universiteit van Kaapstad
op 3 April 1951

deur

J. DU P. SCHOLTZ

PROFESSOR IN NEDERLANDS EN AFRIKAANS

Prys 2s. 6d.

OXFORD UNIVERSITY PRESS

439.3624

SCH

LESINGREEKS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

No. 3

NEDERLANDSE INVLOED OP DIE AFRIKAANSE WOORDESKAT

INTREELESING

gehou voor die Universiteit van Kaapstad
op 3 April 1951

deur

J. DU P. SCHOLTZ

PROFESSOR IN NEDERLANDS EN AFRIKAANS

GEOFFREY CUMBERLEGE
OXFORD UNIVERSITY PRESS
KAAPSTAD LONDEN NEW YORK

1951

Oxford University Press, Amen House, London, E.C.4

GLASGOW NEW YORK TORONTO MELBOURNE

WELLINGTON BOMBAY CALCUTTA MADRAS CAPE TOWN

Geoffrey Cumberlege, Publisher to the University

Uitgeeë vir
die Raad van Buitemuurse Studies
van die Universiteit van Kaapstad

* GEDRUK IN SUID-AFRIKA DEUR
DIE RUSTICA PRESS B'K., WYNBERG, KAAP.

NEDERLANDSE INVLOED OP DIE AFRIKAANSE WOORDESKAT

I

DIE Afrikaanse taalstudie was van die begin af vernaamlik daarop gerig om 'n verklaring te vind van die ontstaan van Afrikaans. Daaruit het voortgevloei dat die hoofverskille tussen Afrikaans en Nederlands op die gebied van die klanken vormleer, die sinsbou en die woordeskat in 'n skerp lig gestel is, terwyl die ooreenkomste as vanselfsprekend aanvaar en die bestudering daarvan verwaarloos is. Dit het 'n sekere censydigheid in die historiese Afrikaanse taalstudie veroorsaak. In baie gevalle het die ooreenkomste tussen Afrikaans en die huidige Algemeen Beskaafde Nederlands ewegood 'n verklaring nodig as die groot verskille wat Afrikaans tot 'n aparte taal maak. Dis onmoontlik om dit binne die klein bestek van een lesing vir alle afdelings van die Afrikaanse taalstruktuur aan te dui; daarom sal ek my tot een terrein, en dit die mins tegniese, naamlik die woordeskat, bepaal; selfs dan sal ek die talryke probleme en die oorfloedige materiaal wat vir behandeling in aanmerking kom, allermins volledig kan bespreek.

Eers enkele opmerkings oor die verskille tussen die Afrikaanse en die Nederlandse woordeskat. Die verskille is van uiteenlopende herkoms en aard. Geen lid van 'n taalgemeenskap, en ook geen beperkte groep van individue, besit 'n taal in sy geheel nie, dus ook nie die hele woordvoorraad nie. Net 'n deel van die Nederlandse woordeskat is met die vestiging van 'n Nederlandse kolonie aan die Kaap oorgeplant. Sommige van die woorde wat na die Kaap gebring is, het mettertyd hier in onbruik geraak of het onafhanklik van Europese Nederlands betekenisverskuiwinge ondergaan. Omgekeerd kon woorde wat aan die Kaap onveranderd bly voortbestaan het, in Nederland verlore gaan of ander betekenisonderskeidinge kry. Van groot belang is dit ook dat woorde wat in Nederlands tot 'n bepaalde lokale of sosiale taalkring behoort het, aan die Kaap in algemene gebruik kon kom en

so deel word van die beskaafde Afrikaans. Heeltemal anders van aard weer is die verskille wat berus op die onafhanklike verryking van die twee tale deur die eie skepping van nuwe woorde en deur ontlening aan vreemde tale.

Die ooreenkomste tussen die Afrikaanse en Nederlandse woordvoorraad berus hoofsaaklik op gelyke oorerwing uit 'n gemeenskaplike 17de-eeuse taalskat, maar ook vir 'n belangrike deel op die ontlening van Nederlandse woorde in Afrikaans. Ander oorsake van ooreenstemming tussen die twee tale, soos onafhanklike parallelle ontwikkeling en gelyke nuwvorminge en ontlening, is seker nie sonder belang nie, maar hulle moet ek hier verder stilswyend verbygaan, om aandag net aan die Nederlandse leenwoorde in Afrikaans te gee.

Die ontlening van Nederlandse woorde in Afrikaans is van 'n heeltemal ander aard as byvoorbeeld van Franse woorde in Nederlands. Deur hul verskillende herkoms het Nederlands en Frans geen gemeenskaplike fonds van woorde nie, behalwe wat op oorerwing uit die Indo-Europese tyd of op vroeë ontlening berus, terwyl die klank-, of liever, die foneemstruktuur van Franse woorde heeltemal anders as dié van Nederlands is. Frans en Nederlands het van die begin af as volkome aparte tale teenoor mekaar gestaan. Volgens die graad van aanpassing van die vorm van woorde van Franse herkoms aan die Nederlandse klanksisteem, kan Franse onlenings in Nederlands in die terminologie van Bloomfield onderskei word in *foreign forms*, *semi-foreign forms* en *loan forms*. Leenvorme is dié wat volkome aangepas is aan die inheemse fonologiese stelsel, terwyl die vreemde en half-vreemde vorme nog aan hul klanke as woorde van vreemde herkoms kan herken word. Die vreemde oorsprong van leenvorme kan alleen deur die historiese en vergelykende taalstudie vasgestel word.

Afrikaans het minder as driehonderd jaar gelede uit Nederlands begin ontwikkel. Die basiese woordeskat van die twee tale is nog grotendeels dieselfde, en die Afrikaanse foneemstelsel vertoon betreklik klein afwykings van Nederlands. Baie Nederlandse woorde wyk in klank feitlik nie van Afrikaans af nie en kan oorgeneem word sonder om deur hul

vorm 'n vreemde indruk te maak. Waar die foneemstruktuur van woorde in Afrikaans wel in die loop van tyd van Nederlands gaan afwyk het, is die veranderinge so deursigtig deur die tallose parallelle Nederlands-Afrikaanse woordpare wat algemeen bekend is, dat die Afrikaanssprekende feitlik onbewus aan 'n Nederlandse ontlening sy Afrikaanse klankvorm gee. Ek dink hier byvoorbeeld aan die vervanging van die Nederlandse konsonantgroep *sch* deur *sk* of die weglating van 'n slot-*t* na 'n stemlose konsonant. Nederlandse ontlenings in Afrikaans is dus feitlik almal leenvorme; vreemde en halfvreemde Nederlandse vorme tref ons net by uitsondering in Afrikaans aan. Dié toestand van sake maak dat daar geen skerp grens tussen die Afrikaanse en Nederlandse woordeskat gevoel word nie en vergemaklik in hoë mate die oorneem van Nederlandse woorde in Afrikaans. Op grond hiervan kon die vroeë propagandiste van Afrikaans die argument gebruik dat die Afrikaanse woordeskat uit die eie woordvoorraad plus alle Nederlandse woorde bestaan, om so die beswaar te bestry dat Afrikaans te arm aan woorde is om as kultuurtaal te dien. Natuurlik is hierdie stelling in sy absoluutheid onverdedigbaar. Elkeen wat ook maar iets van Nederlands en Afrikaans ken, sal vandag nog talryke woorde kan opnoem wat hy as Nederlands sal beskou en nie as Afrikaans nie.

Daar is sekere woorde in Afrikaans wat wel nie met die Afrikaanse fonologiese struktuurwette in stryd is nie, maar tog sekere klankkenmerke vertoon wat mens nie in gewone Afrikaanse woorde sal verwag nie. My bedoeling sal duidelik wees as ek woordpare bymekaar stel soos *dink* naas *denkbeeld*, *weer* naas *wedergeboorte*, *vrywe* naas *wrywing*, *oor* naas *oiverheid*, *koring* naas *kern* (met uitbly van die velarisering van die slotnasaal) en *wens* naas *lens* (met uitbly van die nasalering van die vokaal). 'n Mens kan geneig wees om die verskynsel dat sekere woorde in Afrikaans 'n klankbeeld het wat met die Algemeen Beskaafde Nederlands ooreenstem of daar nog na aan staan, terwyl ander of die dialekties-Hollandse klankbou het of sekere tipies Afrikaanse klankveranderinge vertoon, as 'n vaste kriterium vir ontlening uit Nederlands in Afrikaans te beskou. Maar wannecr ons dit sou doen, sou ons die dubbel-

slagtige herkoms van Afrikaans uit dialektiese en beskaafde 17de-eeuse Hollands veronagsaam en sou ons ook geen rekening hou met die feit dat woorde uit 'n hoër taallaag hulle van die begin af aan kon onttrek aan die klankveranderinge wat alledaagse woorde in Afrikaans deurgemaak het nie. In baie gevalle sal die, laat ek maar sê Nederlandse klankbeeld van 'n Afrikaanse woord die resultaat wees van laat ontlening, maar as absolute toetssteen kan dit nie gebruik word nie. Juis die tweeslagtigheid in die klankbeeld van groepe woorde wat van oudsher in die Kaapse taal bestaan het, het ook weer die ontlening van Nederlandse woorde in Afrikaans vergemaklik.

As die klankvorm ons so min houvas gee, ontstaan die vraag hoe ons dan ooit kan vasstel wanneer ons met 'n Nederlandse ontlening in Afrikaans te doen het. Dit kom my voor dat naas die versigtige gebruik van die klankbeeld van sekere groepe woorde as toetssteen, ons alleen kan let op die tyd wanneer sekere woorde in Afrikaans in gebruik gekom het. Maar ook hier staan ons weer voor groot moeilikhede. Soos ek al gesê het, is die hele 17de-eeuse Nederlandse woordeskat nie *en bloc* na die Kaap oorgeplant nie. Ons weet nie met watter fonds van woorde die Kaapse volksplanting begin het nie; ook nie watter nuwe woorde deur die koms van nuwe koloniste en amptenare in die Kaapse taal ingesypel het nie. Selfs as ons dit sou weet, ontstaan die vraag van wanneer af ons te doen het met die indringing van Nederlandse woorde in Afrikaans. Om hierdie vraag te beantwoord sou ons moet kan vasstel sedert wanneer Afrikaans as 'n aparte entiteit teenoor die Kaapse en Europese Nederlands gestaan het. Op hierdie probleme sal ek later terugkom en voorlopig net sê dat alle taalkundiges dit eens is dat Afrikaans nie later as die laaste kwart van die 18de eeu sy beslag gekry het nie. Dit beteken dus dat alle woorde wat in Nederlands pas rondom 1775 in gebruik gekom het en vandag ook deel van die Afrikaanse woordeskat uitmaak, as ontlenings uit Nederlands in Afrikaans kan beskou word. Ons staan hier op betreklik veilige terrein, en ek sal nou probeer om 'n indruk te gee van die omvang en aard van die Nederlandse beïnvloeding van die Afrikaanse woordvoorraad alleen met gebruikmaking van

materiaal wat in Nederlands gekom het na die ontstaanstyd van Afrikaans.

2

In die afgelope honderd jaar en meer is die woordvoorraad van alle kultuurtale enorm uitgebrei deur die eise wat die nuwe ontwikkelings op die gebied van wetenskap en tegniek daaraan gestel het. Baie van die nuwe benamings is internasionaal van aard; daarnaas het elke taal ook in meerdere of mindere mate sy eie nasionale vakterminologie. Die toenemende gebruik van Afrikaans as tegniese en wetenskaplike taal, veral in die afgelope dertig, veertig jaar, het aan sy ekspanievermoë buitengewoon hoë eise gestel. Die internasionale vakterminologie kon die Afrikaanse wetenskaplike betreklik maklik tot sy eie maak; waar die internasionale vaktaal leemtes gelaat het of minder bevredigend was, is vir aanvulling na die inheemse Nederlandse woordvoorraad gegryp.

Hoe belangrik die verryking van die Afrikaanse tegniese en wetenskaplike woordeskat uit Nederlands mag wees, voel mens tog dat ons hier net met die buitenste randgebied van die taal te doen het. Die intiemer taallewe word daardeur nie geraak nie. Eers wanneer die oorspronklik tegniese of wetenskaplike woord in algemener omloop kom, 'n inherente deel word van die sentrale woordeskat, wek dit ons dieper belangstelling. Daarom gaan ek nou oor tot 'n beskouing van die Nederlandse leenwoorde in Afrikaans wat ons herhaaldelik teëkom in die gewone omgangstaal of in ons alledaagse lektuur—boek, tydskrif of koerant. Ek meen dat ek kan aantoon dat die invloed van Nederlands op die Afrikaanse woordeskat hier veel groter is as wat algemeen, en ook in taalkundige kringe, besef word.

Die ouderdom van 'n woord of uitdrukking word vasgestel op grond van sy vroegste gebruik in die literatuur of sy eerste optekening in 'n woordeboek. Die geskiedenis van Nederlandse woorde en uitdrukkings kan ons nagaan in die eerste plek in die groot historiese *Woordenboek der Nederlandsche Taal* en in die standaardwerk van Stoett oor Nederlandse spreekwoordelike uitdrukkings, waarin ook die materiaal uit

ouer woordeboeke en glossaria verwerk is. Wanneer ons daarin vir 'n bepaalde Nederlandse woord of uitdrukking geen ouer bewysplaas as sê die begin van die 19de eeu aantref nie, het ons rede om aan te neem dat ons met 'n jong woord of uitdrukking te doen het. Tog kan ons op die *argumentum ex silentio* in die taalkunde soos in elke historiese wetenskap nie in alle gevalle peil trek nie. Dit is moontlik dat 'n woord lank in die taal geleef het voordat dit in geskifte gebruik is, of die leksikograwe kan, hoe noukeurig en volledig hul werk ook is, die skriftelike gebruik van 'n woord oor die hoof gesien het. Veral wanneer ons te doen kry met woorde wat ook in Afrikaans vandag baie gewoon is en tot 'n elementêre taal-laag behoort, sal ons twyfel aan die volledigheid van die Nederlandse bronne gewek word. Dit is byvoorbeeld die geval met *lawaaï*, 'n woord van duister herkoms waarvan die oudste bewysplaas in Nederlands uit die begin van die 19de eeu dateer. Ons sal die argumentasie kan omkeer en sê dat juis die algemene bekendheid van *lawaaï* in Afrikaans daarop dui dat die woord in Nederlands oud moet wees. Maar ons sal dan op ewe onvaste bodem staan, want ons sal nie rekening hou met die diepgaande invloed wat Nederlands in die 19de eeu en later op die Afrikaanse woordeskat gehad het nie en wat ons met ander bewyse bo alle twyfel kan verhef.

Twyfel sal ook gewek word by die ontdekking dat vir die gebruik van die woord *resep* in die betekenisonderskeiding „voorskrif vir die bereiding van ete of drank” geen ouer bewysplaas as die middel van die 19de eeu gegee word nie. Die woord self is oud en stam uit die potjieslatyn van die 16de-eeuse mediese wetenskap en praktyk; sy oorspronklike betekenis is „voorskrif vir die bereiding van 'n genesmiddel”. Later, in die 17de en 18de eeu, is dit ook op ander stoffike en selfs onstoffike sake van toepassing gemaak, maar as „kombuiswoord” tree dit eers in die 19de-eeuse Nederlands aan die lig. Dis opmerklik dat ook Engels *recipe* en Frans *recette* betreklik laat, hoewel heelwat vroeër as in Nederlands, spesiaal in verband met ete en drank in geskifte te voorskyn kom. Van die eg huislike woord *laspos* ken ons ook geen bewysplaas van voor die begin van die vorige eeu nie. As ons

aarsel om die laat indringing van sulke familiere woorde in Afrikaans te aanvaar, moet ons bedink dat die toepassing van *laspos* op 'n lastige persoon, insonderheid 'n lastige kind, sekondêr is. Die eerste betekenis van die woord is „'n betrekking of funksie wat vir iemand tot las is”. Die woord het dus oorspronklik in 'n formeler taalsfeer geleef. Maar ook in sy oudste betekenis is dit nie voor die 19de eeu opgeteken nie. Tot ongeveer dieselfde laag van woorde as *laspos* behoort ook *skrobbering*, 'n woord wat opval deur sy eienaardige vorming en wat volgens Nederlandse skriftelike ooreowering uit die laaste kwart van die 18de eeu dateer.

'n Verrassende voorbeeld het ons in die bywoord van tyd *soms*, wat niemand met die eerste oogopslag vir 'n jong vorm of in Nederlands of in Afrikaans sou aansien nie. Tog tref ons dit eers na die ontstaanstyd van Afrikaans in Nederlandse geskifte aan. Die herkoms van die woord is onseker. As dit in die 17de-eeuse spreektaal in gebruik was, miskien as 'n sterk gereduseerde vorm van *somtyds* of *sommaals*, dan het ons hier 'n merkwaardige geval van 'n woord wat hom ruim honderd jaar skuilgehou het, om dan taamlik plotseling 'n belangrike plek in die geskrewe taal in te neem.

Ons twyfel aan die bewyskrag van materiaal sal waarskynlik afneem as ons te doen kry met woorde waarvan die betekenis in die loop van die 18de of 19de eeu aanmerklik verskuif het en ons vind dat die Afrikaanse betekenis met die nuwe Nederlandse ooreenstem. In die 17de en ook nog 'n deel van die 18de eeu het die werkwoord *beweren* onder andere beteken: „'n mening of stelling verdedig, met klem van redene staande hou”. Hierdie betekenis het teen die einde van die 18de eeu verswak tot: „staande hou, sê dat iets so is, desnoods sonder enige bewysgrond”. In die huidige Nederlands, en ook in Afrikaans, beteken *beweer* meestal: „'n mededeling doen of mening verkondig wat nie baie aanneemlik is nie”. 'n Mens sou kan redeneer dat die verswakking van die betekenis van *beweer* natuurlik is en dat dit onafhanklik in Nederlands en Afrikaans kon plaasgevind het; maar daarteenoor staan dat ooreenkomstige woorde in ander tale, soos Frans *soutenir* en Engels *maintain*, nie of nie in dieselfde mate in betekenis verswak het

nie. Met meer grond sal mens kan sê dat die gebruik van woorde soos *ontslaglik*, *ontsettend*, *verskriklik* as bywoorde van graad in jonger Nederlands en ook in Afrikaans op onafhanklike parallelle ontwikkeling berus, omdat soortgelyke woorde in ander tale dikwels 'n eenderse betekeniswysiging vertoon. Maar ook hier is dit nie seker dat Afrikaans los van die Nederlandse voorbeeld staan nie.

Eweas in die geval van los woorde tref ons ook baie uitdrukkings aan wat nie uit Nederlandse geskifte van voor die 19de eeu opgeteken is nie, maar vandag in Afrikaans heel gewoon is. Ek dink aan voorbeelde soos *die deurslag gee*, *die kluts kwyf raak*, *met iets te koop loop* onder baie ander. Betekenisvol is veral dié uitdrukkings wat in vorm met die hedendaagse Nederlands ooreenstem, terwyl in die ouer Nederlands 'n ander vorm in gebruik was, soos *dubbel en dwars* teenoor vroeër *dubbel en dubbel*. Die merkwaardigste voorbeeld van hierdie verskynsel is seker die spreekwoord *mens kan nie yster met hande breek nie*, wat in alle Nederlandse bronne van voor die 19de eeu konsekwent lui *men kan geen ijs met handen breken*.

Meermale bring die grammatikale funksie waarin 'n woord gebruik word, ons tot die gevolgtrekking dat ons 'n betreklik jong ontlening in Afrikaans voor ons het. Omstreeks die middel van die 17de eeu het uit die predikatief gebruikte selfstandige naamwoord *raak* ook 'n predikatiewe adjektief ontstaan. Volgens die skriftelike oorlewering het die woord eers betreklik laat in die 18de eeu in vryer gebruik gekom as attributiewe byvoeglike naamwoord en as bywoord. Nog in 1807 merk die leksikograaf Weiland op dat *raak* „hedendaags in de gemeenzame verkeering als een bijwoord gebezigd wordt”. Vandag is verbindings soos *'n raak antwoord*, *raak slaan*, *raak skiet* doodgewoon in Afrikaans.

By die bespreking van enkele voorbeelde van verskillende aard om die invloed van Nederlands op die Afrikaanse woorde-skat te illustreer, het ek my opsetlik bepaal by woorde wat vandag deel uitmaak van die alledaagse Afrikaanse omgangstaal. Ek hoef nouliks te sê dat die voorbeelde met baie ander

sal kan vermeerder word.¹ As ek woorde wou haal ook uit die meer literêre taal, sou die hoeveelheid materiaal nie te oorsien wees nie. Ek het, na ek meen, voldoende rekening gehou met die onbetroubaarheid van die *argumentum ex silentio*. Die gevaar van die argument kan ook oordryf word. As ons 'n woord soos *belangrik* nie in die omvangryke, herhaaldelik vermeerderde tweetalige 18de-eeuse woordeboeke van sê voor 1780 vind nie, ook nie in die dele waar uit die vreemde taal in Nederlands vertaal word nie, en as die vroegste bewysplaas uit die literatuur in die groot Nederlandse woordeboek van ná die tyd is, dan meen ek dat ons gerus kan aanneem dat die woord nie lank voor 1780 in Nederlands in gebruik gekom het nie. Baie hang natuurlik af van die aard van die woord.

In die geval van Nederlandse ontleninge uit ander tale kan dikwels met sekerheid vasgestel word wanneer 'n vreemde woord in gebruik gekom het. Nederlands het in die loop van sy geskiedenis veral uit sy twee buurtale Frans en Duits 'n groot aantal woorde oorgeneem. Die Franse woorde wat vermoedelik eers na die middel van die 18de eeu in Nederlands gekom het, het Salverda de Grave in 1934 tot 1936 in 'n reeks artikels probeer vasstel.² Hy het gebruik gemaak van die woorde wat die eerste keer in die verdigte en persoonlike briewe van Wolff en Deken uit die laaste kwart van die 18de eeu voorkom. Hoe versigtig mens by die datumbepaling moet wees, blyk weer daaruit dat vir verskeie woorde wat in Salverda de Grave se lysie voorkom, soos *koetsier*, *porselein*, *publiek*, die later afleweringe van die Nederlandse woordeboek bewysplase al uit die 17de eeu gee. By ander woorde, soos *interessant*, *naief*, *sentimenteel*, word die tentatiewe gevolgtrekkings van De Grave deur die sitate in die woordeboek gesteun. Selfs dan nog is versigtigheid nodig. Die woorde *gasconnade*, *carafe* en die Hollands-Franse *porte-brisée* het volgens die volledigste skriftelike getuienisse eers laat in die 18de eeu in Nederlands in gebruik gekom. Maar nou is hulle in Afrikaans bekend in 'n gewysigde klankvorm wat hulle ook in die Hollandse volkstaal en ander Nederlandse dialekte het. In die besonder treffend is die vervorming van *porte-brisée* tot

portfesie(deur). Was die woorde dus al in die 17de eeu bekend, of het ons hier te doen met egte volksvorme wat nog teen die einde van die 18de eeu of later via die Hollandse spreektaal in Afrikaans ingedring het?

Dat onbetwyfelbaar laat Franse indringers in Nederlands na die Kaap oorgeplant is en gou deel kon word van die algemene Afrikaanse omgangstaal, wil ek met een of twee sprekende voorbeelde illustreer. 'n Suster van iemand se moeder of vader, ook die vrou van sy oom, is in Nederlands van oudsher aangedui met die naam *moei*, 'n benaming wat ook in beskaafde kringe in Nederland bly voortleef het tot diep in die 18de eeu. Daarna is dit, ter wille van die deftigheid, langsamerhand deur die Franse leenwoord *tante*, met Nederlandse spellinguitspraak *tan-te*, verdring, sodat die ou inheemse woord vandag net in dialekte voortleef. In Fransgeoriënteerde kringe in Nederland was die vorm *matante*, met voorvoeging van die Franse besitlike voornaamwoord, vir *moei* al rondom 1730 in gebruik; maar uit die bewysplase in een van die jongste, en daarom ook volledigste aflewerings van die Nederlandse woordeboek blyk duidelik dat *tante* eers 'n vyftig jaar later in Nederlands in algemener gebruik gekom het. Aan die Kaap was *moei* nog tot in die 19de eeu bekend. Ons kry dit byvoorbeeld in die testament van 1761 van die bekende boekversamelaar Van Dessin³ en verder nog in twee burgerbriewe uit die jare 1793 en 1803 wat Van Oordt in die Kaapse argief afgeskryf het.⁴ Wanneer die nuwer benaming die ou inheemse in Afrikaans begin verdring het, weet ons nie. Dit het seker die eerste onder die deftige Kaapse families in die mode gekom en vandaar oor die platteland versprei. Vandag is daar, sover my bekend, in die taal van blanke Afrikaanssprekendes geen spoor van die ou vorm *moei* meer oor nie. Net in Kleurling-Afrikaans leef die dialektiese vorm *motjie* voort as die naam vir 'n getroude Slamse vrou.

Tot dieselfde sfeer van woorde hoort ook die verwantskapsname *pa* en *ma*, betreklik laat Nederlandse afkortings van die woorde *papa* en *mama* wat in die tweede helfte van die 17de eeu deur die hoëre stande in Nederland oorgeneem is en daarom ook lank daarna as deftig gegeld het. Nog in 1735

merk Van Effen ergerlik op: „Dat pagters volk laat zich al mee van de kinderen Papa en Mama heeten!” *Pa* en *ma* moes ongeveer in dieselfde tyd as *taute* in Afrikaans algemeen verbreid geraak het. Dis alleen omdat hy die invloed van Nederlands op die Afrikaanse woordvoorraad nie erken het nie, dat Hesseling daartoe kon kom om in hierdie twee woorde ontlenings uit Malcis in Afrikaans te sien.⁵

Duits het veral van die einde van die 18de eeu af 'n diepgaande invloed op die Nederlandse woordeskat gehad. Dié invloed is uitvoerig beskryf deur De Vooy in 'n verhandeling wat vyf jaar gelede verskyn het.⁶ Ons is hier dus nie net afhanklik van die gegewens uit die Nederlandse woordeboek nie. Die nou verwantskap tussen die twee tale vergemaklik die vernederlandsing van Duitse woorde of hul oorname in die vorm van leenvertalings. Daar is vandag talryke woorde in Nederlands waarvan die gewone taalgebruiker nooit die vreemde herkoms sal vermoed nie—so volkome het hulle deel van die Nederlandse taal geword. Die Duitse oorsprong van 'n Nederlandse woord kan vasgestel word deur die datering in die twee tale te vergelyk. As die Nederlandse woord heelwat jonger as die Duitse is en dit tree die eerste keer in die literatuur op in 'n tyd toe die Nederlanders 'n lewendige belang in die Duitse filosofie, literatuur en wetenskap begin stel het, kan ons met 'n groot mate van sekerheid aanneem dat dit 'n ontlening uit Duits is. Dit is die geval met 'n werkwoord soos *afwissel* of byvoeglike naamwoorde soos *doofstom*, *ligsinig* en *smaakvol*. Soms kan die herkomsgebied van 'n Duitse ontlening noukeurig nagegaan word, soos met die woord *selsug* en sy afleiding *selsugtig*, wat uit die terminologie van die Kantiaanse wysbegeerte stam. 'n Enkele keer is dit moontlik om die geskiedenis van 'n ontlening af te lees uit die vorm waarin dit voorkom. Ons woord *eienaardig* tree in die Nederlandse literatuur eers rondom 1775 op in die vorm *eigenaartig*, wat met sy vreemde uitgang nog na aan die Duitse *eigenartig* staan. Daarna is dit volledig aan Nederlands aangepas. Dit sal wel betreklik gou gebeur het, al is die vroegste bewysplaas van die hedendaagse vorm *eigenaardig* in die Nederlandse woordeboek eers van 1812.

In die 19de eeu het die Duitse invloed op die Nederlandse woordeskat sulke afmetings aangeneem dat dit as 'n bedreiging vir die Nederlandse taal gevoel is. Daarom het daar sterk verset teen die gebruik van sogenaamde germanismes in Nederlands gekom. Die puristiese stryd van taal- en letterkundiges het nie die suiwerende invloed gehad waarop hulle gehoop het nie, maar dit het vir ons vandag groot wetenskaplike waarde omdat dit ons presies inlig omtrent die geskiedenis van baie Duitse ontlenings in Nederlands. Dit verras ons om te sien dat rondom die middel van die 19de eeu en ook nog veel later woorde soos *bespreek* (in die betekenis „oor iets praat”), *betwyfel*, *bewonder*, *oorskat* en *opval* (in die betekenis „die aandag trek”)—om net 'n paar werkwoorde te noem— as verderflike germanismes in Nederlands afgekeur is. Soos oorspronklik Duitse woorde meer en meer in Nederlands ingeburger geraak het, is die grense van die verset verskuiwe. Niemand sal vandag meer wil veg teen “germanismes” soos *spoorloos verdwyn* of *afgesien van* nie; maar tallose nuwer indringers word deur puriste kwaai veroordeel. Die gemiddelde Afrikaner is nie voldoende met Duits vertrouwd om die germanismes in sy Nederlandse lektuur te onderken nie, en hy neem hulle sonder onderskeid saam met die suiwer Nederlands in sy eie taal oor. 'n Mens sal sonder moeite 'n lys kan opstel van ruim 'n honderd woorde en woordverbindings wat skering en inslag is in die spreektaal van ontwikkelde Afrikaners en in ons daaglikse lektuur, maar wat in Nederlands deur bevoegde beoordelaars nog as verwerplike germanismes beskou word. Nêrens kom ons so sterk onder die indruk van die groot hoeveelheid woorde wat uit Nederlands in Afrikaans oorgeneem word as wanneer ons die geskiedenis van die Duitse leenwoorde in Nederlands bestudeer nie.⁷

Dis bekend dat 'n klein aantal Duitse woorde al vroeg direk aan die Kaap ontleen is uit die taal van Duitse huursoldate van die Kompanjie. Bekyk ons die seker direkte ontlenings uit die vroeë tyd, soos *werskaf* en *verfoes*, dan bemerk ons dat hul merendeels van 'n ander aard is as dié wat later via Nederlands in Afrikaans gekom het. Dit word meestal aange- neem dat ruwe woorde soos *swernoot* of militêre terme soos

laer wat ons nie uit Hollands bekend is nie, aan die Kaap oorge-
neem moet wees. Wanneer ons te doen kry met eg volks-
aardige woorde, laat ek maar sê woorde wat ook deel is van
die mees elementêre plattelandse Afrikaans en wat volgens
die skriftelike oorlewering eers laat in die 18de of selfs in die
19de eeu as ontlenings uit Duits in Nederlands gekom het,
ontstaan die vraag langs watter weg dié woorde deel van die
Afrikaanse woordeskat geword het. Die alledaagse woord
niks, in Nederlands vandag die gewone spreekvorm naas
deftiger *niets*, is 'n ontlening uit Duits, blykens sy vorm nie 'n
geleerde leenwoord nie maar 'n populêre ontlening uit dialek-
tiese Duits wat vermoedelik deur Duitse huursoldate in
Nederland verbrei geraak het. Nou tref ons die vorm
niks in Nederlands nie voor die einde van die 18de eeu aan
nie—tot 1784 word uitsluitlik *niet* of *niets* gebruik. Tog is
dit seker dat *niks* oud is in Afrikaans. Burchell vertel hoe
die Hottentotte van die afgeleë Klarwater aan die begin van
die 19de eeu aan hom gesê het „in their Dutch”: *In de Briqualand
zal Mynheer nicks kryg voor nicks.*⁸ Ons sal òf moet aanneem
dat *niks* onafhanklik van Nederlands aan die Kaap ontleen is
òf dat *niks* ruim 'n honderd jaar vroeër in die Hollandse volks-
taal oorgeneem is as wat die Nederlandse skriftelike oor-
lewering ons leer. In die laaste geval is dit wel vreemd dat
so 'n alledaagse woord so lank uit geskifte van allerlei soort
sou geweer gewees het—ook uit alle klugte en blyspele van
die 17de en die begin van die 18de eeu. Voor dergelyke
probleme kom ons ook te staan wanneer ons die herkoms—
direk of via Nederlands uit Duits—van populêre woorde soos
kopsku en *misoes* wil bepaal. Miskien moet ons ook rekening
hou met die taal van die groot aantal Duitsers wat hul veral
in die tweede helfte van die 18de eeu as vryburgers aan die
Kaap gevestig het.

Die hele kwessie van die oorneem van Nederlandse
woorde in Afrikaans sou in 'n veel helderder lig te staan kom
as ons beskik het oor 'n historiese woordeboek van Kaapse
taal, nie net van Afrikaans soos ons dit uit geskifte van die
afgeloop honderd jaar kan leer ken nie, maar ook van Neder-
lands, suiwer of gebroke, soos dit deur Kapenare in die ont-

staanstyd van Afrikaans en daarna gebruik is. Dit is seker dat 'n groot aantal min of meer geleerde en tegniese woorde uit Nederlands in Afrikaans oorgeneem is sedert die begin van die Hollandse en Afrikaanse taalbewegings as deel van 'n nasionale oplewing waarvan ons die eerste tekens rondom 1870 gewaar. Veral in die afgelope dertig, veertig jaar, met die toenemende intellektuele ontwikkeling van Afrikaanssprekendes en die groter rol wat hulle in alle vertakkings van die openbare lewe en die ontwikkeling van wetenskap en tegniek speel, is die Afrikaanse woordeskat onoorsienbaar deur ontlening uit Nederlands verryk. In talryke gevalle is ook Engelse terme vir begrippe wat ons die eerste deur bemiddeling van Engels leer ken het, of sogenaamde anglisismes wat in Afrikaans ingekom het, in die laaste jare deur bewuste ontlennings uit Nederlands vervang.

Mens hoef geen taalhistorikus te wees om daarvan voorbeelde te gee nie.⁹ Tog sal dit 'n heeltemal ongegronde veronderstelling wees as ons meen dat die Afrikaanse woordeskat net in die afgelope vyftig of selfs vyfen-sewentig jaar 'n aanmerklike beïnvloeding van Nederlands ondergaan het.

3

Taal moet as maatskaplike verskynsel steeds bestudeer word in nou verband met die ekonomiese, sosiale en kulturele toestand van die gebruikers van die taal. In die Afrikaanse taalwetenskap is dikwels nadruk gelê op die gebrek aan ontwikkeling van die vroeë koloniste en op die afsondering waarin hul geleef het, om so die vinnige verandering van Nederlands tot Afrikaans te help verklaar. Ongetwyfeld is dit gewigtige faktore, maar hul betekenis kan ook te eensydig beklemtoon word, veral wanneer ons die geskiedenis van die woordeskat bestudeer. Dit is waar dat toe in 1658 die vryburgers 'n versoekskrif tot die kommandeur rig, sewe van die veertien petitionarisse met 'n merk moes teken, maar minder as vyftig jaar later, toe die totale kolonistebevolking—mans, vroue en kinders—nog maar iets oor die 1,500 getel het, het die boere van Stellenbosch en Drakenstein alleen die geeskrag

en ontwikkeling gehad om vyf van hul lede na Nederland af te vaardig om daar hul saak voor Here XVII te bepleit. Van hierdie afvaardiging was die geestige dagboekskrywer Adam Tas—volgens historici die enigste opgevoede persoon onder die vryburgers van sy tyd¹⁰—nie lid nie.

Die onderwysgeleenthede aan die Kaap was lank baie gebrekkig, maar dis van belang om daarop te let dat die top-laag van die vryburgers, namate hul ekonomiese posisie verbeter het, meer en meer behoefte aan beter opleiding vir hul kinders gaan voel het. Terwyl volgens Theal kolonistekinders rondom 1685 in hul dertiende jaar die skool „volleerd” verlaat het, het seuns ’n vyftig jaar later—na die getuienis van Mentzel—tot hul sestiende jaar op skool gebly.¹¹ Ouers wat dit kon bekostig, het hul seuns vir verder studie na Holland of Batavia gestuur. Hoe dikwels dit in die 18de eeu gebeur het, kan by gebrek aan voldoende gegewens selfs nie by benadering gesê word nie. Wel weet ons dat tussen 1810 en 1820 daar minstens vyf-en-twintig Afrikaners aan Nederlandse universiteite gestudeer het, waarvan veertien as student in die regte aan die universiteit van Leiden ingeskryf was. In 1837 het elf advokate in Kaapstad praktyk uitgeoefen, feitlik almal Afrikaners wat hul regsopleiding in Nederland gehad het.¹²

Die rol wat die Kerk en die godsdienst as beskawingsfaktor, en daarom ook as taalfaktor, van vroeg af aan die Kaap gespeel het, is oorbekend. Tog is dit nodig om hier meer pertinent op enkele punte te wys. In 1745, toe die totale burgerbevolking nog maar iets oor die 4,000 getel het, was daar vyf aparte gemeentes in die kolonie. Van 1723 was daar twee en van 1761 drie vaste predikante in Kaapstad self; in 1780 is ook ’n Lutherse gemeente in die Kaap gestig, sodat daar sedert dié jaar vier Hollandssprekende predikante in die moederstad was. Mens moet aanneem dat daar van dié predikante ’n aanmerklike kultuur- en taalinvloed uitgegaan het. Buitendien was die geestelike lektuur van die koloniste nie beperk tot die Statebybel en katkisasieboeke van Borstius en Hellenbroek soos dit meermale voorgestel word nie. Werke van Smijtegelt en à Brakel, preekbundels en gebede-

boeke van Mel en Haverman, stigtelike liedere of gedigte van Sluiter, Lodensteyn en Groenewegen was aan die Kaap goed bekend, terwyl in die 18de en 19de eeue selfs boeke van Engelse piëtiste soos Baxter, Doddridge en Erskine in Nederlandse vertaling baie deur die koloniste gelees is.¹³

Dit sou ook 'n fout wees om 'n alte skerp sosiale skeidslyn tussen burgers en Kompanjiesamptenare te trek. Van vroeg af het die koloniste 'n mate van verteenwoordiging in allerlei bestuurlike en judisiële liggame in Kaapstad gehad, en op die platteland het vooraanstaande burgers as heemrade, kommandante en veldwagmeesters in meerdere of mindere mate met die amptelike Nederlands in aanraking gebly. Die spore daarvan is duidelik in hul briewe en rapporte sigbaar. In die 18de eeu het seuns van koloniste buitendien in aansienlike getalle in Kompanjiesdiens getree en soms tot belangrike poste geklim; ingevoerde amptenare het dikwels met dogters van koloniste getrou, en byna almal het ná verstryking van hul dienstyd Kaapse burgers geword. Rondom 1780 was die meeste laer amptenare of gebore Kapenaars of deur huweliksbande met burgerfamilies verbind; maar ook baie hoër amptenare was gebore Afrikaners.¹⁴ Dit is tekenend dat aan die einde van die Hollandse bewind in 1795 alle lede van die Politieke Raad, met uitsondering alleen van Sluysken en Gordon, Kapenare van geboorte was. Ons moet rekening hou met hierdie punte van kontak tussen burger en amptenaar as ons 'n juiste kyk op die Kaapse taaltoestande wil kry.

Die intellektuele lewe, die kulturele ontwikkelingspeil van die boonste laag van die Kaapse maatskappy in vroeër tye en die weerslag daarvan in hul taal is moeilik om presies te meet. Ons kan nie alles aflei uit die gebrek aan inrigtings vir hoër onderwys, uit die afwesigheid van koerante en tydskrifte, uit die ongunstige getuienis van sommige reisigers veral oor die plattelandse bevolking nie. Ons moet ook let op die kulturele bedrywigheid wat op laer niveau en op beperkter terrein wel bestaan het. Dit is nie sonder betekenis nie dat die gewese sekretaris van die Weeskamer, Van Dessin, na 'n vier-en-dertig-jarige verblyf aan die Kaap, sy groot versameling boeke en manuskripte in 1761 aan die Kaapse

gemeente nagelaat het, al is die boeke nie na behore gebruik nie en die versorging daarvan mettertyd verwaarloos.¹⁵ Volgens Beyers het sommige leiers van die Patriotte-beweging in die Boland in die jare 1779 tot 1791 'n aansienlike belesenheid aan die dag gelê. Die stuur van twee verskillende deputasies deur die nog betreklike klein Bolandse burgermaatskappy, eers in 1779 en toe weer in 1785, om die kolonisteszaak persoonlik voor die hoogste regeringsinstansies in Nederland te stel, lewer bewys van 'n aanmerklike geestelike aktiwiteit ook onder die breër lae van die gemeenskap. En dat die burgers van die tyd meer as net revolusionêre geskifte gelees het, blyk onder andere uit die boeke wat een van die deputante in 1792 nagelaat het, waaronder ons aantref behalwe Nederlandse regskundige werke soos die *Inleiding tot de Hollandsche Rechtsgeleerdheid* van Schorer, Franse en Italiaanse grammatikas, 'n Duitse *Allgemeines Lexicon* en die bekende *Woordenschat* van Meyer.¹⁶

Dus, in weerwil van gebrekkige onderwysgelcenthede het die toplaag van die Kaapse burgery tog 'n ontwikkelingspeil bereik wat die voortdurende verryking van hul taal uit Nederlands moontlik gemaak het. En hierdie verryking en vernuwing was nie tot die boonste maatskaplike laag beperk nie. Onder andere deur die stelsel van „logeeren en negotieeren” wat al in die 17de eeu in swang gekom en so 'n algemene verskynsel onder Kaapse inwoners geword het, het ook die eenvoudiger mense in byna ononderbroke aanraking met die Europese Nederlands gebly. Buitendien weet ons uit die getuienis van Mentzel en ander dat standsverskille aan die Kaap nie streng gehandhaaf is nie, sodat die natuurlike taalosmose tussen die verskillende maatskaplike lae hier nog makliker kon plaasvind.

Die moontlikhede van beïnvloeding en verryking van die Kaapse taal deur Nederlands wat hier aangedui is, het vrywel ongewysig bly voortduur tot lank ná die eerste Engelse besetting van die kolonie. Dis bekend dat die ou Hollandse bestuurlike en regterlike liggame voorlopig onder die nuwe bewind bly voortbestaan het en dat die administratiewe poste grotendeels in Hollandse hande gebly het. Die vermeerdering van kerk-

like en administratiewe sentra op die platteland kon selfs die geleenthede tot aanraking met die Nederlandse taal daar versterk. Die stelselmatige uitskakeling van Nederlands as bestuurstaal en uit die regspleging van omstreeks 1825 af, die poging tot verdringing van Nederlands uit die onderwys en as kerktaal in dieselfde tyd het ongetwyfeld die invloed wat Nederlands andersins op die kolonistetaal sou gehad het, aanmerklike verklein; maar daarteenoor staan dat deur die opbloei van die Hollandse joernalistiek in Suid-Afrika sedert 1824 die Nederlandse taal 'n rol in die lewe van die koloniste gaan speel het wat dit nooit kon hê toe daar nog geen tydskrifte en koerante aan die Kaap uitgegee is nie.¹⁷

4

Die beswaar kan gemaak word dat wat ek hier omtrent die taaltoestande in vroeë tyd gesê het, hoofsaaklik geld van Kaapstad en sy onmiddellike omgewing, sodat Afrikaans in sy ontwikkeling daar eintlik nie deur geraak is nie. So 'n beswaar sou uitgaan van die veronderstelling dat Afrikaans uitsluitlik op die min of meer afgeleë platteland ontstaan het en dat gedurende sy wordingstyd en daarna groot verskille en min wisselwerking tussen die Skiereilandse en die plattelandse bevolking en taal bestaan het. Nou moet ons bedink dat 'n eeu ná die stigting van die volksplanting, toe die Kaapse taal al ver in die rigting van Afrikaans ontwikkel was, omstreeks vyf-en-tagtig persent van die totale burgerbevolking van 'n klein 6,000 nog binne sewentig myl van die Kaap gewoon het; en 'n dertig jaar later, toe die hoefeienaardighede van die huidige Afrikaanse taalstruktuur seker al kenmerkend van die kolonistetaal was, het ongeveer sewentig persent van die totale burgerbevolking van omstreeks 12,000 nog in dieselfde gebied gewoon.¹⁸ Die kolonie het nie net deur 'n trek van boere uit die randgebiede uitgebrei nie; die bevolking van die buitelandse distrikte is voortdurend versterk ook deur verhuising van jong koloniste uit die hart van die ou-gevestigde Boland. So is die volks- en taaleenheid van die Afrikaner in 'n periode van vinnige ontwikkeling bewaar.

Ons besik oor onomstootlike bewyse dat Afrikaans voor die einde van die 18de eeu sy beslag gekry het en dat die nuwe taal nie net op die platteland gepraat is nie, maar ook in Kaapstad self, 'n stadjie wat by die aanvang van die eerste Engelse bewind 'n 5,000 blanke inwoners gehad het op 'n burgerbevolking van omtrent 20,000 in die hele kolonie.¹⁹ In 1775 skryf die jong Christiaan Hendrik Persoon, wat vir verder studie na Europa gegaan het en die beroemde grondlegger van die sistematiese mikologie sou word, aan sy ouers in Kaapstad dat sy Amsterdamse vriende hom baie terg oor sy „Caaps krom spreek” sodat hy nou al goeie Hollands leer praat.²⁰ Heel aan die begin van die 19de eeu merk Lichtenstein onder andere op dat die kolonistetaal in die begin selfs vir gebore Hollanders onverstaanbaar is—so ver het Afrikaans toe al van Nederlands afgewyk. Hy sê uitdruklik dat die gewysigde taal die algemene onder die koloniste is en maak geen verskil tussen stad en platteland nie.²¹ In 1825 gee Teenstra in sy bekende samespraak die kolonistetaal weer „in hare grootste afwijkingen en hare bijzondere spreekwijzen en gezegden, aan de Kapenaars zoo wel als aan de buitenlieden eigen”, sodat ook hy op geen verskil let nie. Volgens die getuienis van die Kaapstadse tolk van die geregshof Swaving in 1830 is Afrikaans, wat hy 'n „soort van bastaard Hollandsch” noem, deur boere, slawe en Hottentotte gepraat, maar hy voeg daaraan toe dat dié taalvorm „zelf den meer beschaafden der christelijke en voorname volksklasse niet geheel en al oneigen is”, met uitsondering egter van diegene wat in Nederland gebore of opgevoed is. Die toestand in Kaapstad was dus dat terwyl Afrikaans die mees algemene omgangstaal was, die beter opgevoede toplaag van die maatskappy, veral by meer formele geleenthede, suiwer Nederlands probeer gebruik het.²² Dit stem ooreen met die waarneming van Changuion, van 1831 tot 1841 professor in Nederlands aan die ou Zuid-Afrikaansche Athenaeum, „dat de beschaafde klasse overal haar best doet om het kenmerkende der Kaapsche spraak af te leggen”, waaraan hy toevoeg: „Wie de Kaapsche tongval verzaakt wordt gezegd *hoog* Hollandsch te spreken. Een Engelschman spreekt doorgaans plat Kaapsch.”²³ Die-

selfde toestand het trouens tot in die 20ste eeu voortgeduur. Dit kom my voor dat die gebruik van Nederlands deur Kaapse burgers as spreektaal en in geskryfte 'n lang tyd gedien het as brug wat die oorgang van Nederlandse woorde in Afrikaans vergemaklik het. In ons eie tyd kom die ontlenings hoofsaaklik uit die Nederlandse lektuur van Afrikaners wat Nederlands net passief beheer.

Afrikaans was dus nooit 'n uitsluitend landelike of boere-taal nie, ewemin as wat die Afrikaanse volk ooit enkel en alleen 'n boerevolk was, hoe hardnekkig hierdie wanopvatting ook al in sekere kringe bly voortleef en selfs gepropageer word. Lank voor Afrikaans tot kultuurtaal verhef is, was dit die besit ook van regsgeleerdes, teoloë, amptenare, handelaars en ander. Eers wanneer ons dit erken, kry ons 'n regte kyk op die aard en ontwikkeling van die hele Afrikaanse woordeskat en die moontlikheid van beïnvloeding deur Nederlands van die vroegste tye af aan. Die Nederlands-Afrikaanse tweetaligheid van die ontwikkelde Kaapse burger was 'n faktor van onberekenbare betekenis in die Afrikaanse taalgeskiedenis. Daaruit alleen kan ons die vinnige opbloei van Afrikaans as kultuurtaal verklaar.

Ek het in hierdie lesing 'n terrein betree waarop, na my mening, nog baie vrugbare ondersoekingswerk kan gedoen word. Die geskiedenis van die ontlening van Nederlandse woorde in Afrikaans sal wel nooit volledig kan beskrywe word nie, maar heelwat sal bewys kan word deur 'n stelselmatige ondersoek van stukke wat in vroeër en later tyd in Nederlands, of amper-Nederlands, en in Afrikaans aan die Kaap geskryf is. Mens sal moet nagaan watter soort woorde nie en watter wel vir ontlening in aanmerking gekom het, en watter ná okkasionele gebruik in Afrikaans geen lewensvatbaarheid getoon het nie. Ek meen dit sal blyk dat byna alle ontlenings wat ingang in Afrikaans gevind het, nuttigheidsontlenings was wat Afrikaans baie verryk het. Sover ek kon nagaan, het dit selde gebeur dat 'n nuwe Nederlandse ontlening 'n ou gevestigde Afrikaanse woord verdring het. Net as daar in Afrikaans twee woorde met gelyke betekenis naas mekaar bestaan, lyk dit of die woord wat die steun van

Nederlands mis, gevaar loop om te verdwyn. Ek dink aan woordpare soos *algar* en *almal*, *altoos* en *altyd*, *iewers* en *êrens*, waar die eerste vorm vandag die swakste staan. Die lede van die paar *altwee* en *albei* staan nog ewe sterk, soos ook in Nederlands. Dat *stadig* nog geen teken van verswakking vertoon nie, is myns insiens 'n aanduiding dat *langsaam* nooit in dieselfde mate 'n volkswoord in Afrikaans was nie, miskien selfs as 'n ontlening uit geskrewe taal moet beskou word. In die skriftelike Afrikaanse taalgebruik, in die taal van die wetenskaplike, die letterkundige en die joernalis, vind ons nog dikwels spore van die invloed van 'n doodse Nederlandse skryftradisie. Maar hier het ons met meer as net 'n keuse van woorde te doen.

NOTE

¹ Uit die einde van die 18de of pas uit die 19de eeu dateer *dwaalspoor*: „op 'n dwaalspoor wees, iem. op 'n dwaalspoor bring” (ouer Ned. *dwaalweg*), *knoei* in die bet. „oneerlik handel, bedrieg”, *koeksel* (met 'n s.n.w. as bepaling in die bet. „de hoeveelheid van het door de bep. genoemde, die men in één keer kookt”), *lamlendig* (in lett. en fig. bet.), *smyt* in die bet. „op ruwe, hardhandige, gewelddadige, geprikkelde wijze gooien”, *toespraak* (vroecr *aanspraak*, soos vandag ook nog soms in Afr.), *ten einde raad* (vroecr *t'einden raad* of *van rade*), *sonder om te blik of te bloos* (sedert Weiland, in die 17de en 18de eeu ander vorme — Stoett 252) en so meer. Die jonger afleweringe van die WNT is wat die datumbepaling betref, uit die aard van die saak betroubaarder as die ouere. Van *armoedig*, *beminlik* en *benadeel* bv. kom die oudste sitate in die woordeboek uit *Willem Leevend* (1785), maar die woorde staan al in die woordeboek van Halma, druk van 1758.

² *De Nieuwe Taalgids*, dlc. XXVIII-XXX.

³ C. Spoelstra: *Bouestoffen voor de Geschiedenis van de Ned. Geref. Kerken in Z.-A.*, dl. II, bl. 298 vlg. In 1775 skryf die dertienjarige Kapenaar C. H. Persoon aan sy vader en stuur „Complimente” aan sy „grootmoeder en susters en oomes en mupes en nrevis en niggis” (J. L. M. Franken: *Uit die Lewe van 'n Beroemde Afrikaner, Christiaan Hendrik Persoon*, bls. 43-4).

⁴ *Die Kaapse Taalgief*, dl. IV, no. 117, en dl. V, no. 171.

⁵ D. C. Hesseling: *Het Afrikaans*, 2de dr., bls. 95-6. Onder die talryke woorde van Franse herkoms wat pas in die 19de eeu via Ned. in Afr. kon gekom het, noem ek net die b.nw.-bw. *vaag* omdat dit aan sy vorm nie meer as 'n ontlening aan Frans te herken is nie.

⁶ C. G. N. de Vooy: *Duitse Invloed op de Ned. Woordvoorraad*.

⁷ Hier volg 'n kort lysie van „germanismes” wat uit 19de-eeuse Ned. geskifte opgeteken is en vandag gewoon is in Afr.: *aanstaltes maak*, *afhandel*, *baanbreker*, *bemoeiing*, *byval*, *eerstens*, *ervaring*, *hoogstens*, *inburger*, *ingryp*, *lewensgevaal*, *omgewing*, *onbeholpe*, *onderbreek*, *onomwoonde*, *origens*, *reëlmatig* (e.a. op -matig, soos *kuns-*, *stelselmatig*), *skugter*, *spannend*, *uithuit*, *uitoefen*, *veelsydig*, *verafsku*, *vrygewig*, *voorliefde*, *agter slot en grendel*, *êrens op ingaan*, *tot sy reg kom*, *in die reël*. Sommige van hierdie woorde en verbindings sal wel al in die 18de eeu

ontleen wees. So het ek bv. *overigens* in Kaapse burgerbriewe van 1771 en 1776 aangetref (Franken, *a.w.*, bls. 8-9 en 53). Kyk verder Bylaes IV tot VII van De Vooy's, *a.w.*

⁸ W. J. Burchell: *Travels in the Interior of Southern Africa*, dl. II, bl. 437.

⁹ Soms is woorde oorgeneem in 'n bet. wat die betrokke woorde in Ned. nie het nie, bv. *boterham* (nou weer verdring deur 'n eie skepping *toebroodjie*) vir „sandwich” en *kolf* vir „cricket bat”.

¹⁰ *Cambridge History of the British Empire*, dl. VIII (*South Africa*), bl. 141.

¹¹ G. McCall Theal: *History of South Africa, 1652-1795*, dl. I, bl. 256 (uitg. van 1897); O. F. Mentzel: *Description of the Cape of Good Hope*, Van Riebeeck-Vereniging, dl. VI, bl. 109.

¹² Mentzel, *t.a.p.*; terloopse verwysings na Afrikanerseuns wat in die 18de eeu in Nederland gaan studeer het, o.a. by A. Moorrees: *Die Nederd. Geref. Kerk in Suid-Afrika*, bls. 267, 272, 336, 338-9, 436, en C. Beyers: *Die Kaapse Patriotte*, bls. 6, 88; Afrikaanse studente aan Ned. universiteite sedert 1806: *Nederland-Zuid-Afrika. Gedenkboek N.Z.A.V.* (1931), bl. 253 vlgg.; advokate in Kaapstad in 1837, B. J. van de Sandt: *The Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack for 1837*.

¹³ Hollandssprekende predikante in die moederstad: Moorrees, *a.w.* bls. 222, 251; godsdienstige lektuur van Kapenare: *a.w.*, bls. 240, 522, 535, 817.

¹⁴ Kapenare in Kompanjiesdiens: Colenbrander, *De Afkomst der Boeren*, bl. 125, en Theal, *a.w.*, dl. II, bls. 33, 65, en Beyers, *a.w.*, bls. 44, 141; huwelike van amptenare met Afrikanermeisies: Theal, *a.w.*, dl. II, bls. 72, 74, en Beyers, *a.w.*, bl. 141; afgetrede amptenare word burgers: Beyers, *a.w.*, bl. 43.

¹⁵ Van Dessin se testament in Spoelstra, *t.a.p.*; vgl. verder Theal, *a.w.*, dl. II, bls. 89-90, en Moorrees, *a.w.*, bl. 269.

¹⁶ Beyers, *a.w.*, bls. 99, 143.

¹⁷ 'n Kort oorsig van die „Hollandse Joernalistiek in Suid-Afrika Gedurende die 19de Eeu” het F. C. L. Bosman gegee in *Ons Land* van 8 Apr. 1930.

¹⁸ Dit is 'n taamlik ruwe, maar konserwatiewe berekening gebaseer op die opgaafrolle van die Kaapse burgers in verskillende distrikte soos gepubliseer deur Beyers in Bylaag H van *Die Kaapse Patriotte*. Oor die toestand in 1795 sê Theal, *a.w.*, dl. II, bl. 319: „The majority of the European inhabitants were resident within seventy miles of Cape Town; beyond an arc with that radius only the choicest parts of the country were occupied as cattle runs, none of which were less than nine square miles in size, while most of them were very much larger.”

¹⁹ *Camb. Hist.*, dl. VIII, bl. 164.

²⁰ Vgl. Franken, *a.w.*, bls. 2, 42-44.

²¹ Lichtenstein: *Reisen im südlichen Africa*, dl. I, bl. 214 n.

²² Oor Teenstra en Swaving kyk Franken, „Mededeling en Opinie oor Afrikaans in die Neëntiende Eeu”, *Die Huisgenoot*, 1 Jul. 1927.

²³ A. N. E. Changuion: *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld*, bl. 23. (Spasiëring van my.)